DAG 26

Gesalf vir dienswerk

Lees Handelinge 10:34-48.

God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder … (2 Kor. 1:21).

In die Ou Testament het die Here mense gesalf met die oog op hulle dienswerk. So is konings en priesters afgesonder vir wat hulle in die Naam van die Here moes doen. Hy salf ons ook met sy heilige olie sodat ons kan uitgaan en goed doen aan mense volgens sy wil. So word ons 'n verlengstuk van die karakter van die Here.

Om goed te doen beteken dat jy aktief besig is om die gevolge van die sonde en die ongeregtigheid in die wêreld teë te werk. Min dinge is werklik so opwindend as om te sien hoedat 'n mens bevry word van die laste, sorge en smarte van 'n gebroke lewe. Jesus was op die aarde om die werke van die bose te verbreek. Nou is dit ons opdrag om die werke van die bose teë te gaan met die bemagtiging van die Here in

ons lewe. En Hy soek nie net 'n paar besondere mense vir hierdie heilige salwing uit nie. Die Here bedoel dit vir elkeen van sy kinders, elkeen wat Hom as Verlosser aanvaar. Hy doen dit omdat Hy jou wil gebruik om ander mense met sy krag aan te raak.

Here, help my om elke dag die draer te wees van u heerlikheid.

Aantekeninge: